Dear friends and family!

Can you believe that yet another year is almost ending? The year 2014 is almost part of history and here in the west of Zambia everyone is waiting expectantly for the rains which would hopefully come in the next few weeks. Like every other year, there would be new hope in many households that the next season would be a season where there would be less hunger and need and poverty.

You would remember that Andre and Martie van Zyl came to join us permanently here at ZaMulimu with their ministry which is called "Farming God's Way" where they teach the local people to produce bigger crops from their maize fields and vegetable gardens by using biblical principles. There is now a new excitement in the community while everyone is hard at work preparing their fields before the rains are expected to arrive later in November.

We had a lot of excitement at ZaMulimu this past month. Andre and Ancia Cronje from England held another Golf Day this year in memory of Mari-Simon and everyone had a great time remembering the life of their beautiful daughter. All of us on the Kanjanji Project want to thank everyone for their contribution towards making this a very special day for Andre, Ancia and Andre-Pierre. The funds would come in handy to put finishing touches to the Mari-Simon Hall which amongst other things would include a sizeable concrete floor of 300m², and we would also be able to build more dorms. We had more excitement when two groups of guys from the Wellknown Christian Centre, from the east of Pretoria, under the leadership of past. Tobie Vente, arrived one week after the other to install a solar system at ZaMulimu. The original plan was to finish everything within two weeks but right from the start it was evident that the enemy wanted to disrupt everything possible. The 8-ton truck which brought everything from South Africa was delayed at the Zambian Border Post for three whole days while problems with documentation were being sorted out. Just when we thought things were going smoothly again the truck got stuck in thick sand right at the entrance to ZaMulimu but luckily we had many strong, able bodies to get the truck

OM Zambia

Kanjanji Orphan Project

His heart, His hands, His little children

**No. 99 – December 2014**



*Thank you very much to the Mari-Simon Trust*



*Disiples Vincent and Dixon with Lourie*

Liewe vriende en familie!

Kan dit waar wees dat nog 'n jaar amper verby is? 2014 Is amper geskiedenis en hier in die weste van Zambië wag almal vir die reën wat in die volgende paar weke gaan uitkoms bring. Soos elke ander jaar, sal daar dan in baie huise weer nuwe hoop opvlam dat hierdie volgende seisoen 'n seisoen sal wees waar daar minder honger en nood en armoede sal wees!

Soos julle weet het Andre en Martie van Zyl nou permanent by ons kom aansluit op ZaMulimu en hul bediening is Farming God's Way, waar hulle die plaaslike gemeenskap leer om groter oeste van hulle landerye en groentetuine af te haal deur bybelse beginsels te gebruik. Daar is nou 'n opgewondenheid in die gemeenskap en almal is in rep-en-roer om hulle landerye voor te berei voor die reëns hulle opwagting maak.

Die afgelope maand was propvol opwinding vir almal op ZaMulimu. Andre en Ancia Cronje het in die afgelope tyd weer 'n gholfdag in Engeland gereël ter nagedagtenis van Mari-Simon en dit was 'n wonderlike dag om die lewe van hierdie pragtige meisie-kind te onthou. Ons almal op die Kanjanji-projek wil graag baie dankie sê vir almal se donasies en ondersteuning om hierdie dag vir Andre, Ancia en Andre-Pierre baie spesiaal te maak. Die fondse gaan onder andere aangewend word om die Mari-Simon-gebou te voltooi en dit sluit 'n betonvloer van 300m² in en onder andere meer behuising.

Twee spanne manne van die Wellknown Christian Centre in die ooste van Pretoria het onder leiding van pastoor Tobie Vente al die pad van Pretoria af gery om vir ons die sonkragsisteem op ZaMulimu te kom installeer. Die plan was om binne twee weke alles voltooi te hê maar die vyand het sy bes probeer om op verskillende maniere 'n stok in die speke te kry. Vroeg-vroeg al het die 8-ton trok by die Zambiese grens probleme gehad met die dokumentasie vir die invoer van die vrag en dit is eers na drie dae se onderhandeling uitgesorteer. Net toe dit lyk asof alles nou glad verloop toe val die trok vas in dik sand by die ingang van ZaMulimu. Gelukkig was daar baie hande om te help

unstuck again and the truck could start it's return journey to S.A. late that same afternoon again.
With past. Tobie in charge everything was soon falling into place again. Showers, basins and toilets were installed in the washrooms as well as a huge water heating system on the roof of the ablution block. We even had a solar powered submersible pump installed right next to the river which would start pumping water as soon as the sun appears in the morning. We want to thank Les Blignaut and Rotary International for donating this amount of money for the solar system as well as everything that goes with it. Amazing! All the glory to our God!
The picture shows past. Tobie and his team installing the submersible pump and below is the water heating system.

We would also like to wish you all a very happy festive season and may the wonder of God's ultimate love…Jesus! be a part of your daily lives while this is the month that we celebrate His birthday!

**Prayer requests:**

- † Please pray for our children writing exams.
- † Please pray for Andre and Martie's ministry, that the spiritual seed they sow would germinate soon.
- † Please pray for the two guys, Vincent and Dickson, who have finished the discipleship training.
- † Please pray for good health for all of us.
- † Thank God for everyone involved, let us all "…store up treasure in heaven……Matt 6:19

Thanks again for all your support and interest.
Love and greetings from Zambia.
Lourie and Gisela

**www.kanjanji.com**

**www.facebook.com/Kanjanji**

✉ P.O. Box 5, Sesheke, Zambia



*Above and below: The solar system that was sponsored by Rotary international.*



grawe en plan te maak en die trok kon toe daai selfde aand weer koers kies S.A. toe.
Onder past. Tobie se bekwame leiding het alles gou op dreef gekom. Die ablusieblok wat ons voorheen opgerig het is verander in 'n werkende ablusieblok met vier stortkamers met elk 'n toilet en wasbak en 'n groot waterverhittingsstelsel is op die dak geïnstalleer. Die dompelpomp is langs die rivier in 'n put geïnstalleer en die sonpanele wat die pomp aandryf nie ver daarvandaan op 'n hoë staalstruktuur. Ons wil vir Les Blignaut en Rotary International bedank vir die wonderlike donasie wat hierdie hele sonkragsisteem en alles wat daarmee saamgaan moontlik gemaak het. Dit is net te fantasties! Alle eer aan ons God!!!
Links is Tobie en sy span van die Wellknown Christian Centre in Pretoria besig om die dompelpomp te installeer en onder is die waterverhittingstelsel.

Ons wens julle almal ,n baie geseende kersfees toe en mag die wonder van God se liefe – Jesus , deel wees van jul daaglikse lewe , want hierdie is die maand wat ons Sy geboortedag herdenk.

**Gebedsversoeke:**

- † Bid asb. saam vir al ons kinders wat eksamen skryf.
- † Bid ook vir Andre en Martie se bediening, dat die geestelike saad wat gesaai word, vinnig sal ontkiem.
- † Bid saam vir die twee ouens, Vincent en Dickson, wat nou die dissipelskapkursus van OM voltooi het.
- † Bid ook dat ons gesond sal bly.
- † Sê saam dankie vir almal wat betrokke is by die projek – "maak vir julle skatte in die hemel bymekaar...Matt 6:19"

Nogmaals baie dankie vir jul almal se ondersteuning!
Groete en liefde uit Zambië.
Gisela en Lourie

**www.kanjanji.com**

**www.facebook.com/Kanjanji**

✉ P.O. Box 5, Sesheke, Zambia

Kanjanji
Orphan Project